

12 Augustus

Skrifgedeelte: Josua 13:1-14:15;

15:13-19 (OAV)

Fokusgedeelte: Josua 13:6,7

Die Here bepaal wat ek is en het

Die vorige aantal hoofstukke het beskryf hoe die land verower is. Nou moet dit verdeel word sodat elke familie en gesin 'n erfdeel ontvang. Al is Josua reeds hoog bejaard, het hy nog 'n taak om te verrig in God se koninkryk. Alhoewel daar nog sekere gebiede is wat nie verower is nie, moet dit beskou word as gebiede wat alreeds by Israel hoort. God sal sorg. Josua moet verdeel soos die Here beveel.

Om te erf, is om iets te ontvang waarvoor jy nie gewerk het nie. Jy het dit nie verdien nie. Dit word vir jou uit genade gegee. Die gewer het sy redes waarom jy iets spesifieks ontvang. Die ontvanger kan op nikks aanspraak maak nie.

Só het die stamme Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse reeds hul erfdeel in die Oos-Jordaanstreek ontvang. Die ander nege sal aan die Wes-Jordaanstreek 'n erfdeel kry. Só het die Here besluit. Ook Kaleb ontvang as individu 'n besondere deel omdat hy veertig jaar gelede saam met Josua een van die verkenners was wat aan die Here vasgehou het (14:14).

Maar wat van die stam van Levi? "Die Here, die God van Israel, is self hulle erfdeel, soos Hy beloof het" (13:33). Hulle erfdeel is heeltemal anders as al die ander. Dit is baie besonders en behels 'n bevoorregte posisie en 'n roeping. Hulle moes die skakel tussen God en die volk vorm. Hulle moes offerwerk doen, voorbidding doen en die versoenende genade van God aan die berouvolle sondaar bring.

Die Here bepaal ook jóú erfdeel: Waar jou woonplek is en wat jou roeping ook al is – dit kom uit die genadehand van God. Ontvang dit met 'n dankbare hart!

Sing: Psalm 40:4

Ds AH Stavast (Mosselbaai)